Dalene Matthee spoel Da Vinci weg, 10 Oktober 2005

Uitgewer geskok oor prestasie in Afrikaans

Jo Prins

Gee pad, Dan Brown, hier kom Dalene Matthee! Ná maande as topverkoper op die Sunday Times se top-10-lys vir fiksie, moes Dan Brown se The Da Vinci code plek maak vir die ontslape Dalene Matthee se Die uitgespoeldes .

En terwyl JK Rowling se Harry Potter and the half-blood prince in die derde plek aan Brown se hakstene hap, lyk dit nie of Die uitgespoeldes in dié stadium iets het om oor bekommerd te wees nie.

Op Exclusive Books se webtuiste is Matthee se boek 15de op die lys, maar word dit as 'n "notable mover" gemerk.

Penguin Books, uitgewer van Die uitgespoeldes, het dié boek as hul topverkoper gelys, met die Engelse weergawe Driftwood in die tweede plek.

Me. Thandi Sindane van Penguin het gister gesê hulle was nogal geskok toe hulle sien Matthee se boek het Brown se blitsverkoper onttroon op die Sunday Times se lys.

"Behalwe vir die blote feit dat dit Dalene Matthee is, het haar dood vroeër vanjaar uiteraard ook baie bygedra tot die publisiteit.

"Dis een van daardie boeke wat sy (Matthee) gehoop het om klaar te maak voor haar dood - baie mense (wat haar gereeld lees) weet waar die storie vandaan kom."

Volgens Sindane dra die feit dat hulle verkoopregte vir die boek in Brittanje kon bekom, ook baie by tot die sukses. Sy kon egter nie syfers verskaf nie.

Me. Gill van Zyl van Exclusive Books het gesê dit is ongewoon om 'n Afrikaanse boek as boaan 'n verkoperslys te hê, maar dat dit baie te doen het met die bemarking.

Me. Amanda Matthee, Matthee se dogter, het vroeër vanjaar met haar ma se dood gesê: "Dalk het sy net uitgehou totdat haar nuwe boek en die vertaling daarvan klaar was."

BRON: Beeld, 13 Oktober 2005